Uilenkraalsmond Kampvereniging

Amethyst straat 15
Stellenberg
Bellville
7530

Sel : 083 388 9521
Faks : 021-449 6437
Web:www.Uilkraalsmondresort.co.za
E-Pos: Barnie.Germishuys@Transnet.Net

REF: 51/08/2011

Uilenkraalsmond Nuusbrief

Aan al die lede van die Uilenkraalsmond Kampvereniging

Die tyd het gekom dat daar darem nou weer 'n slag bevestigde inligting rondom Uilenkraalsmond aan u meegedeel kan word.

Die verkiesing het sy pad geloop en tot middel Junie 2011 was dit 'n saak van onmoontlikheid om werklik te weet wat waarheid is en wat die stand van sake is ten opsigte van verteenwoordiging. So enige nuus wat aan u oorgedra sou kon word sou in elke geval bespiegelings gewees het.

Hoe dit ook al sy, daar is 'n nuwe Raad. 'n Afvaardiging van die Uilenkraalsmond Kampvereniging het met die Burgemeesterskomitee vergader in die eerste verkennende gesprek met die nuwe Raad. Die waarnemende munisipale bestuurder was ook teenwoordig by hierdie geleentheid.

Uit die vergadering het die volgende geblyk:
Die Raad is baie beslis dat daar goeie samewerking met die Kampvereniging sal wees.
Die Kampvereniging is ingelig dat die ODM nie fondse gehad het om sy werknemers te betaal nie en dat Provinsie tot die ODM se redding moes kom – dus, daar is nie geld nie.

Die Kampvereniging is ingelig dat die hele saak van privatisering van Uilenkraalsmond nog 'n saak van erns is en die Munisipale Bestuurder het onderneem om alle rolspelers bymekaar te kry. U almal moet verstaan dat dit nog vroëe dae is en dat die model van privatisering nog baie goed uitgedors moet word. Die Raad moet dan ook sy goedkeuring aan so 'n aksie gee.
Die Kampvereniging het weereens insette gegee tot die begroting en soos u nou al seker agter gekom het, daar was geen tarief verhoging nie.

Maar neem asseblief kennis :
Struktuureienaars te Uilenkraalsmond wat agterstallig is met hulle diensgelde aan die ODM het nou al 'n gesamentlike agterstallige bedrag van meer as 1 miljoen rand opgehoop. Die ODM gaan nie hierdie geld skade ly nie en die getroue betalers sal vir hierdie verliese moet opdok.

So van my kant af het ek die Raad en die Munisipale Bestuurder versoek om asseblief maar geregtelike stappe te doen ten einde die gelde te verhaal – al sou dit beteken dat mense se goed verkoop moet word. Niemand wil hard wees nie maar dit sal uiters onredelik wees as enige wanbetaler verwag dat ander sy moeilikheid moet befonds. Ek weet die komitee is met my in hierdie saak en ek glo alle redelike mense sal ook hulle ondersteuning in hierdie saak gee.

Wat die kontrakte betref :
Ons kontrak is ons kontrak. Indien daar 'n verkoping van 'n struktuur is word die kontrak se oorblywende termyn aan die nuwe eienaar sedeer – sou die ODM die verkoop en oordrag goedkeur. Geen goedkeuring vir verkoop van 'n struktuur sal plaasvind indien daar uitstaande gelde is nie.

Daar kan weer gebou word volgens die goedgekeurde boubeleid vir Uilenkraalsmond. Enige navrae oor proses van goedkeuring van bouplanne moet by die Oordbestuurder gedoen word.

Die Uilenkraalsmond Trust het sy stigtingsvergadering op 4 Augustus 2011 gehad. Die doel van die trust is om 'n "regspersoon" te vestig wat namens die begunstiges van die trust met die ODM kan

onderhandel en amptelik ondernemings kan gee en afdwing sodat die privatiserings proses sy pad kan loop en dat ons dit afgehandel kan kry.
Elke lid wat sy jaarlikse ledegeld aan die Kampvereniging betaal het is 'n begustigde in die Trust. Omdat die trust ook uitgawes het en die Voorsitter 'n onafhanklike persoon is met 'n kwalifikasie in die reg, is daar ook kostes. Mense wat tot nou toe nie hulle lidmaarskap van die Kampverening betaal het nie sal nog die kans hê om tot 'n maand na die volgende algemene jaarvergadering teen die selfde tarief as die bestaande lede by die trust kan aansluit. Daarna sal daar 'n premie gehef word om 'n begustigde in die trust in te koop. Die rede is doodeenvoudig dat dit nie verwag kan word dat net 'n paar die kostes moet dra en wanneer die poeding op die tafel is dan wil almal saam eet nie.
Deelname in dieTrust is vrywillig maar die Trust sal net onderhandel en optree namens sy begunstigdes.

Weinige vordering met die interne verspreiding van kleinmaat elektrisiteit in die Oord kan op hierdie stadium bevestig word behalwe dat die ODM nog nie gereed is om die diens by die Overberg Munisipaliteit (OM) oor te neem nie. Soos aan u bekend het die kampvereniging tydens samesprekings met die OM se nuwe burgemeesterskomitee en hoofamptenare gedurende November 2010 sy bereidwilligheid verklaar om die elektriese verspreidingsdiens oor te neem om te verhoed dat daar enige ongerief vir die huiseienaars veroorsaak word. Die interne verspreidingsdiens is eintlik 'n primêre funksie van die ODM. Die OM het die ODM daarna probeer oorreed om die funksie oor te dra aan die kampvereniging maar die ODM se raad het daarteen besluit. Alle verdere onderhandeling aangaande hierdie aangeleentheid tussen die OM en die kampvereniging is toe opgeskort.

Dit wil nou voorkom of die politieke verandering in die ODM raad 'n demper op die dringendheid van die OM geplaas het om die oorname van die elektrisiteit af te forseer. Albertus het my ook meegedeel dat tydens sy onlangse gesprek met mnr Kat Myburgh, die distrikshoof van die OM se elektrisiteitsdepartement, hom weer eens die versekering gegee het dat die kragverspreiding in die oord nie gestaak sal word voordat daar nie weer samesprekings met die kampvereniging gevoer is nie. Die huidige reëling vir die aankoop van koopkrag bly dus onveranderd tot verdere kennisgewing. U moet net in gedagte hou dat die kafee in die oord vir 'n onbepaalde tydperk gesluit sal wees en dat kragaankope slegs in Gansbaai en by die OK in Franskraal gedoen kan word.

<u>Die rekening nommer wat gebruik moet word vir die ledegeld-inbetaling is as volg:</u>
Spaarrekening: ABSA, Parow, Rekening nommer: 909 241 8319
Naam van rekening: Uilenkraalsmond Kampvereniging
Deeglike Beskrywing: bv. Mnr S du Toit Plot xxx

Stuur asb. die bewys van betaling na: nadia.gresse@brandhouse.co.za

<u>Hierdie is 'n inset van die Oord Bestuurder;</u>

TERUGVOERING : OORDBESTUURDER : UILENKRAALSMONDOORD

1. *Daar bestaan 'n klagteregister by beide die sekuriteitskantoor asook die kantoor. Graag word versoek dat die klagteregister voltooi word indien enige klagtes van watter aard ookal aangemeld word. Die bestuur is bewus van sekere ablusieblokke wat 'n probleem is en daar word ernstige aandag daaraan geskenk. Ongelukkig is die infrastruktuur van die ablusieblokke oud en moet tenke en pype ten duurste vervang word met 'n beperkte begroting.*
2. *Met verwysing na die begroting en uitstaande dienstegelde is die oord genoodsaak om die reëls volgens die Bylae in u kontrak na te volg.*
   Vanaf 1 September 2011 sal slegs die amptelike Huurder <u>en sy gesin</u> die kampeerterrein binnegaan sonder die betaling van die voorgeskrewe kampeerfooi .
   Vir alle onderverhurings sal beide die huurder en die onder-huurder skriftelik aansoek doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Oordbestuurder se kantoor beskikbaar is.Geen toegangkaartjies sal uitgereik word alvorens die kantoor die aansoekvorms ontvang het nie.
   Die onder-huurder is verantwoordelik vir die normale daaglikse toegangsfooi
   R 15 per persoon per dag en R 40 per voertuig per dag (goedgekeurde tarief deur die Raad).Besoekers moet die toegangsbeheerregister by die Sekuriteit voltooi en die besoekure sal gemonitor word. Alle ander dagbesoekers sal die voorgeskrewe tarief betaal.
3. *Ten einde besparingmaatreëls in die oord te weeg te bring is die Oord genoodsaak om warmwaterbeperkings in te stel. Warmwater by die ablusieblokke sal beskikbaar wees vanaf*

06:00 tot 10:00 en weer 17:00 tot 21:00. Gedurende spitstye (vakansietye) sal die warmwater deurlopend wees.

4. *Kontrakte is beskikbaar en sal deur die Overberg Distriksmunisipaliteit se kantoor in Bredasdorp hanteer word. (028 425 1157)*
5. *Ek verwys na die Jaarvergadering 2010 waar daar eenparig besluit was dat die Matriekulante met die sogenaamde "40 days" of "Matrieknaweek" NIE in die semi-permanente wonings of die kampeerterrein toegelaat gaan word nie. Die bestuur wil graag u samewerking in dié verband vra aangesien die oord (asook die semi-wonings) derduisende rande se skade ly as gevolg van die wangedrag van die kinders. Gesprekvoering is reeds met die Wetstoepassers gehou en daar sal 'n sterk SA Polisiediens / Verkeersafdeling (asook Wetstoepassers op die strand) teenwoordigheid in en om die omgewing van die oord wees.*
6. *Die skoomakers/ werkers in die oord word departementeel aangekla indien hulle binne werksure semi-permanente wonings skoonmaak.*

Dit is die nuutste en varste nuus. Sodra daar weer iets van substansie is, sal die e-posse weer vlieg

Groete
Hein Roux
Voorsitter